# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (9/19)

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity
Proudly sponsored by Standard Bank

*Justin Chadwick 1 Maart 2019*
*[en Februarie is verby]*

***"The trouble with our times is that the future is not what it used to be" Paul Valery***

## FOKUS OP SUURLEMOENE

| LAND | PRODUKSIE (T) | UITVOERE (T) | % UITVOERE | | LAND | INVOERE (T) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Argentinië | 1 678 000 | 279 000 | 17% | | Rusland | 209 000 |
| Spanje | 1 160 000 | 616 000 | 53% | | Duitsland | 171 000 |
| VSA | 800 000 | 112 000 | 14% | | Frankryk | 151 000 |
| Turkye | 750 000 | 515 000 | 69% | | Saoedi-Arabië | 128 000 |
| China | 480 000 | | | | Nederland | 126 000 |
| Italië | 450 000 | | | | Italië | 121 000 |
| Suid-Afrika | 309 000 | 237 000 | 77% | | Pole | 113 000 |
| Chile | 135 000 | 77 000 | 57% | | China | 62 000 |

*Bron: Fruitrop Magazine Desember 2018*

Syfers van 2016/17 toon 'n interessante globale suurlemoen prentjie. Spanje, Turkye, Suid-Afrika en Chili is baie afhanklik van uitvoere - met meer as 50% van die produksie wat uitgevoer word. Van die top tien produserende lande het slegs China en Italië geen betekenisvolle uitvoere nie. Argentinië het 'n groot verwerkingskomponent. VSA het 'n groot plaaslike mark.

Aan die invoerkant is Rusland 'n groot invoerder. Baie EU-lande word in die top tien invoerders gevind. Die Midde-Ooste voer ook groot volumes in - baie hiervan vind 'n roete deur Saoedi-Arabië. China is onder die top tien produseerders en top tien invoerders.

## 'n BESIGE WEEK

Almal in die sitrusbedryf beter volgende week 'n bietjie rus inkry, want die week daarna gaan dit behoorlik besig wees. Op Maandag (11/03) gaan Nick Gutierrez (CGA-verteenwoordiger in die VSA) en Mikhail Fateev (CGA-verteenwoordiger in Rusland) met 'n groep produsente in die Sondagsrivier vergader; terwyl Rocco Renaldi (CGA-verteenwoordiger in die EU) dieselfde in die noorde gaan doen. Op dieselfde dag gaan die pre-Summit se toerbusse na Patensie en Sondagsrivier vertrek.

Op Dinsdagoggend (12/3) gaan die Variëteitsfokusgroepe vergader - onder andere sal hulle 'n oesskatting vir die 2019 seisoen finaliseer. Dan op Dinsdagmiddag gaan die Sitrusbemarkingsforum vergader - om die oesskatting en bemarkingsvooruitsigte vir 2019 te bespreek. Teen die tyd dat Dinsdagaand aanbreek, sal almal gereed wees vir 'n drankie en 'n netwerksessie by die Verwelkomingsfunksie van die CGA Sitrus Summit.

Woensdag (13/2) sal 'n dag gevul wees met uitstekende aanbiedings - sluit af met 'n galadinee. Donderdagoggend sal daar nog aanbiedings wees - die program sluit met middagete.

Op Donderdagmiddag (14/3) het die CGA-raad 'n CGA-ledevergadering gereël - oop vir alle sitrusprodusente van eSwatini, Zimbabwe en Suid-Afrika.

Wees voorbereid op 'n vol week.

## CGA SITRUS SUMMIT UPDATE

In net meer as 'n week sal meer as vyf honderd afgevaardigdes in Port Elizabeth vir die derde CGA Sitrus Summit aankom. Let asseblief daarop dat aanlynregistrasies op Dinsdag 5 Maart 2019 om 5nm (17:00) sal sluit. Registrasies kan nog tot en met die begin van die Summit gedoen word - na Woensdag 6 Maart kan dit gedoen word deur jou besonderhede na Shelly Crosson by shelly@cga.co.za te e-pos. Die program is nou gefinaliseer en ons het 'n volgepakte twee dae wat voorlê - om na die program te kyk - www.cga.co.za

**DIE CGA GROEP SE MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**